

**Hetta Potgieter** is 'n medeprofessor en navorsingsgenoot van die nisarea *Musikale kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings* (MASARA) van Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Sy het in 1997 'n doktorsgraad in Musiek aan die Universiteit van Pretoria behaal en was tot einde 2005 aan Tukkies verbonde. Sy het 'n passie vir kerkmusiek en was deur haar loopbaan onder andere orrelis, komponis van orrel- en koormusiek, lid van die sinodale kommissie vir die erediens, asook vir die *Jeugsangbundel*, *Sing onder mekaar* en *Liedboek vir die kerk*. Sy het by verskeie nasionale en internasionale kongresse opgetree en in April en Mei 2014 by Radboud Universiteit in Nijmegen navorsing oor spiritualiteit gedoen.



**Christo Lombaard** (DD, Universiteit van Pretoria; PhD, Noordwes-Universiteit) is 'n C1 gegradeerde van die NRF in Bybelse Spiritualiteit. Sy navorsing sluit ook in Post-sekularisasie, Spiritualiteitsteorie, Pentateugteorie, Patriarge van Antieke Israel, Godsdiens en die massamedia. In 2013 ontvang hy die Krister Stendahl toekenning in die VSA vir sy publikasie *The Old Testament and Christian Spirituality* (2012). Hy is ook 'n komponis en musikant van blues, folk en rockmusiek. Hy tree op onder die skuilnaam Chrisman Baard en speel ook die Hangtrom, 'n Oostenrykse instrument.

e-pos: hetta.potgieter@nwu.ac.za | ChristoLombaard@gmail.com

# SPIRITUALITEIT EN MUSIEK: GEVLEUELDE DISSIPLINES[1]

HETTA POTGIETER
MASARA, POTCHEFSTROOM KAMPUS, NOORDWES-UNIVERSITEIT

CHRISTO LOMBAARD
CHRISTELIKE SPIRITUALITEIT, UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

[1] Hierdie referaat, die eerste van 'n gesamentlike kruisdissiplinêre dubbelreferaat-navorsingsprojek, is deur die outeurs voorberei vir afsonderlike internasionale kongresaanbieding:

- As "Continuing the exploration: a further step in newly unfolding cross-disciplinary Spirituality Studies – Spirituality and Music as winged disciplines" by die *Metamorphoses: Transformations in and of Christianity, through the Lenses of Art and Literature* kongres, gehou by die Universiteit voor Humanistiek, Utrecht, Nederland, 30 November – 1 Desember 2015 (aangedui as bron Lombaard, 2015a), en
- As "A crack in everything: Spirituality and Music as winged disciplines", voorberei vir die *International Society of Music Educators* kongres in The Royal Conservatoire of Scotland, Glasgow, 24 – 29 Julie 2016 (aangedui as bron Potgieter, 2015).

**SLEUTELKONSEPTE**

Spiritualiteiskunde, geloofstradisie, spiritualiteit en musiek, dissipline oorvleueling, ervaringsmatige, belewenismatige, bowemenslike, self-transendering, *eudaimonia*

**ABSTRACT**

After a recent paper exploring the newest developments related to the unfolding post-secular spirituality internationally, namely in the fields of Sociology, Law, Philosophy and Theology, this paper explores the recent developments on Musicology and Spirituality. Attention is also given to phenomenological aspects of religiosity and music, namely as they are related to the experiential cadences of humanity. Ancient as these phenomenological parallels between spirituality and music are, they are receiving attention anew at the dawn of the unfolding cultural phase known as the post-secular.

**1. Ontluikinge ...**

Musiek kan my teken
soos die son 'n blaar
al die sypelkante
van die self gesluit,
maar al die kanale
van hart en sinne oop:

Aar vir aar
sigbaar teen die blou
is ek deel van die ewigheid
en van nóú

(Spies, 2010:113).

Hierdie bydrae vloei voort uit twee aanlope, wat die intellektuele voedingsare gevorm het vir die fenomenologiese analise hieronder, naamlik van wat blyk 'n hoogs vrugbare samevloei te wees: die dissiplines van Spiritualiteit en Musiek. Presies wat met hierdie twee dissiplines bedoel word en veral hoedat hulle as soortgelyk-"gevleuelde" dissiplines by mekaar aansluiting vind, sal weldra hieronder uitgestippel word. Die "hoogs vrugbare samevloei" van hierdie twee dissiplines sopas vermeld, sal in hierdie bydrae egter gewoon in hulle fenomenologies-aansluitende dimensies gedui word, terwyl in 'n tweede bydrae wat op hierdie een sal volg, die fynere besonderhede van sodanige oorvleueling van naderby beskryf sal word. Anders gestel: op die *dat* van die dissipline-oorvleueling in hierdie bydrae sal volg die *hoedat*, in 'n tweede bydrae.

Die eerste van die intellektuele voedingsare hierbo genoem was naamlik die *3rd International Conference on Spirituality and Music Education* kongres, gehou van 25 tot 27 Maart 2015 by die Skool vir Musiek en die Konserwatorium, Noordwes-Universiteit (Potchefstroom kampus), onder die tema "Music education and spirituality: theory and application" (kyk www.spirituality4mused.org). Hierdie kongres het die samevloei van die huidige outeurs se navorsingsbelangstellings onbepland gefasiliteer. Natuurlik was dié kongres net die mees direkte kontakpunt; die návloei

waarbinne hierdie kongres gestaan het, moet naamlik ook in groter besonderhede omskryf word, en dit word hieronder gedoen.

Die tweede direkte intellektuele voedingsaar hier is die onlangse verkennende navorsingswerk van Lombaard (spesifiek Lombaard, 2015b), rondom die nuut-ontluikende belangstelling binne verskeie dissiplines in die kategorie van die religieuse. Wat heel onverwags sou wees binne die steeds in sekere opsigte voortslepende modernisties-kulturele kader van ver/Westerse kulture, is dat daar naamlik tans 'n herlewing plaasvind op die gebied van akademiese skryfwerk oor godsdiens. Dit word naamlik gevind in uiteenlopende dissiplines soos die Sosiologie, Regsgeleerdheid, Wysbegeerte en – minder verrassend – die Teologie. Meer nog, dit is nie 'n terugkeer na vorige maniere waarop oor teologies-verwante sake gepubliseer is nie (vir 'n beskrywing van hierdie verskillende maniere van skryf oor die Bybel in die premoderne, moderne en postmoderne kultuurfases, kyk Lombaard, 2014:205-225). Eerder word hier nou nuut geskryf, nuut gedink, en meer akkuraat geformuleer: nuut (aan)gevoel – hier gaan dit naamlik om die *ervarensmatige*, waar aspekte van die goddelike, die menslike en die wêreld veral *belewenismatig* mee omgegaan word (vgl. Lombaard, 2015c:82-95). Dit is juis op hierdie aspek, die *belewenismatige*, waar Musiek en Spiritualiteit beide – saam én onderskeidelik[2] – as gevleuelde dissiplines beskryf kan word. Vandaar hierdie gesamentlike kruisdissiplinêre dubbelreferaat-navorsingsprojek.[3]

Spiritualiteit stel naamlik, beide as akademiese dissipline (vgl. plaaslik Kourie, 2009:148-173) en as verskynsel (vgl. uitgebreid Waaijman, 2000) die belewenis van geloof sentraal. Waar godsdiens die verskynsel van die beoefening, op uiteenlopende maniere, van eerbied aan 'n Hoër Wese behels, en Godsdienskunde die akademiese beskrywing daarvan is (oor godsdiens en spiritualiteit, kyk Schneiders, 2003:163-185), en waar geloof die eksistensieel-verbonde beoefeningsdimensies van so 'n Godsverhouding beslaan, met binne Christelike konteks Teologie as die wetenskaplike besinning daaroor (vergelyk Schneiders, 1986:253-274), omvat spiritualiteit spesifiek die belewenisdimensie van hierdie fasette. Spiritualiteitskunde, dan, bestudeer hierdie dimensie van die ervarensmatige (met Waaijman se Nederlandstalige 2000-werk, *Spiritualiteit: vormen, grondslagen, patronen* as standaardwerk in dié verband; Waaijman 2002 is die internasionaal meer toeganklike Engelse vertaling; plaaslik, vergelyk Kourie & Kretzschmar, 2000). Hoewel die uitdrukkingsvorme van geloofsoriëntasies verskillende godsdienste s'n – asook dié in a-teïstiese en anti-teïstiese lewensoriënterings (vgl. bv. Comte-Sponville, 2006) – insluit, is die fokus hier op die Christelike spiritualiteit. Ervarensmatig bly hierdie tipe geloofsbelewenis dus binne die breë raamwerk van Christelike oriënteringspunte, wat insluit konstituerende aspekte soos die aanvaarding van die Drie-eenheid, die Bybel, die rol van Jesus as Christus in die wêreldgeskiedenis en in individuele gelowiges se persoonlike geloofsverbintenisse, en dies meer, óók met die diversiteit rondom elk van hierdie oriënteringspunte wat implisiet aanvaar word.

---

[2] Vir 'n perspektief op kerkmusiek noem Jankowitz (2006:31) vier kwadrante van spirituele ervaringe wat teenoor mekaar kan staan – rasioneel/analities (kop), emosioneel/intuïtief (hart), God konkreet voorgestel (hand), God as misterie – wat die liturg en musiekleier in gedagte moet hou wanneer aanbiddingstyle, musiek en liedere vir 'n spesifieke geestelike geleentheid gekies word.

[3] Verdere verkenning van die verrassend-ontluikende oorvleueling van Spiritualiteit en die Mediese wetenskap volg aanstaande jaar – vgl. Lombaard, 2016. Oor Spiritualiteit en Kuns, vgl. Lombaard, 2015d.

Dié klemtoon op die Christelike spiritualiteit moet egter nie misverstaan word as 'n tipe reaksionêre teruggryp oor die afgelope dekades se postmodernisme en die afgelope eeue se modernisme heen, asof die premoderne die mees geloofwaardige geloofsmoontlikhede sou bied nie:

- Eerstens is die teoretiese skuif binne die Spiritualiteiskunde, veral met betrekking tot die mistiek, reeds gemaak weg van die idee af dat universele wesenskenmerke op gelyke manier binne verskillende godsdiens- of geloofstradisies neerslag vind. Meer akkuraat is dat wat ook al binne 'n bepaalde godsdiens- of geloofstradisie ervaar word, só beleef en verwoord word aan die hand van die betrokke tradisie, dat daar nie reg aan geskied wanneer die belewenis en verwoording asof van buite af as algemeengeldend getipeer word nie (vgl. Katz, 2000:4-5). Konteks speel 'n sterk bepalende rol in spiritualiteitsvorming. Die huidige konteks sluit as hier tekenend-eksemplariese in dat die eietydse in die nástroom staan van voorafgaande eras, maar dan as unieke uitdrukkingswyse in die hede.
- Daarom word eerder, tweedens, in wat tans na aanleiding van veral Habermas se invloedryke artikel "Secularism's crisis of faith: notes on post-secular society" (2008:17-29, maar kyk ook bv. Turner, 2010) bekend staan as die ontluikende post-sekulêre wêreldkultuur, die winspunt van die verlede volledig ernstig geneem. Laasgenoemde sluit in 'n diepe waardering vir die mag van die rede (tiperend van die modernisme) en 'n sensitiwiteit vir die belang van verhoudinge (tiperend van die post-modernisme). Nie teruggrype nie, maar verdere voortvloei (om die gewone mistastings rondom die term "vooruitgang" hier doelbewus te vermy – vgl. Lombaard, 2015c:82-86) is hier inbegrepe.

Wat tans aan die ontwikkel is, is dus dat die aspek van ervaring stadigaan as die mees sentrale legitimiteitskriterium vir die samelewing gevestig word – dus, in die plek van die historiese as immer-geldende sosiale legitimiteitskriterium binne die modernisme, en in die plek van die relasionele binne die post-modernisme. Wat wáár is, of beter: wat as die moeite werd en inherent legitiem aanvaar word, is nie hoedat iets geword het nie (die historisitiese / modernistiese moment) of hoedat iets nou is nie (die relasionele / post-modernistiese moment), maar hoedat iets *voel*. Hoe *raak* dit my? Sleur dit my mee? Op hierdie implisiete (dus vir verreweg die meeste mense ongedefinieerde, maar aangevoelde) aandrang kan enige menslike en bowemenslik verskynsel nóg histories nóg relasioneel bevredigend antwoord in ons ontvouende tyd: so belangrik as wat hierdie dimensies is, word die ervarensmatige die sentrale legitimiteitsmaatstaf. Dit is presies op hierdie dinamiek waar spiritualiteit en musiek op heel spesiale wyses tot hulle reg kom.

Die feit dat beide spiritualiteit as ervaarde bowemenslik betekenisvolheid (van Huyssteen, 2006) en musiek as meteens diepgaande-ekspressiewe en ekstra-persoonlike verskynsel (Boyce-Tillman, 2015) tot op die vroegste mensheid teruggaan,[4] het geensins iets met 'n gedateerdheid

[4] Vanaf vroeg-Christelike tye is die konsep "spiritualiteit" in die kerkgeskiedenis te vinde. Die kern van die woord kom van die Latyn, "in + spirare", wat beteken om oor of in iemand te blaas; om te lewe deur asem te haal wat daarop dui dat spiritualiteit 'n lewensbelangrike deel van die

in die sin van 'n uitgediendheid te make nie. Dit voel 'n mens reeds instinktief aan, die oomblik wat 'n mens 'n meesleurende musiek- of geloofsgebeure óf gadeslaan óf self aan deelneem (vir 'n gesamentlike perspektief hierop, vgl. die ateïstiese Stef Bos se waarnemingslied *Zondag in Soweto*). So antiek as wat dié fundamenteel-menslike gegewes is, so kontemporêr is dit terselfdertyd. Die menslike gees (gedagte- en gewaarwordingswêrelde) is ondenkbaar sonder óf die een óf die ander.

Om hierdie rede kan as werksdefinisie van spiritualiteit vir hierdie dubbelreferaat-navorsingsprojek die volgende dien:

> Spiritualiteit is die gewaarwording, oor verskillende grade van bewustheid heen, van die opname van die individu of groep in 'n belewenis wat buite die gewone om en grootliks buite die vermoë van deskriptiewe taal om die mens meevoer tot 'n ontmoeting ("encounter") met iets geheel konkreet maar tog onaanraakbaar, waardeur die mens sigself beleef as in direkte verbintenis met die buitengewone, die bowemenslike, die verhewene.

## 2. 'n Honger na spiritualiteit[5]

Volgens Jordaan (2011:190, 191) is dit amper onmoontlik dat die hedendaagse mens nie 'n "spirituele honger" kan ervaar nie. Die gejaagde lewenstempo, druk en stres wat mense daagliks voel veroorsaak dat so 'n "honger" ontstaan. Jordaan meen dat die mens 'n genetiese spirituele vermoë het.[6] 'n Gedig van Dennis O'Driscoll (2002:29) sluit goed hierby aan – 'n vakuum het ontstaan wat die mens beleef. Die titel van sy gedig, *Missing God,*[7] verwys na verskeie geleenthede in die alledaagse lewe waar 'n mens iets verloor het, wat van die meeste van ons soekende mense maak:

His grace is no longer called for
before meals: farmed fish multiply
without His intercession.

---

mens is (Palmer, 2006:144); vgl. Kourie, 2009:155-156 vir 'n oorsig oor die nawerking van die terme spiritualitas, spiritus en spiritualis. Dikwels word hierdie Latynse term alleenlik op die konsep van die Goddelike inspirasie van die Heilige Skrif betrek (vgl. Bowe, 2000:641); in die Spiritualiteitskunde word die gang van die term as beskrywing van heiligheidsbelewenisse groter drakrag verleen (vgl. Kourie, 2009:155-156). Wat die oorsprong van die musiek van die Christelike kerk aanbetref, is dit noodsaaklik dat 'n studie gedoen word van die musiek van antieke Israel soos wat dit herlei kan word na: "Jubal ... die stamvader van dié wat op die lier en die fluit speel" (Genesis 4:21; kyk Dowley, 2011:11).

[5] Hierdie opskrif speel op Wilhelm Jordaan s'n (2011:190) waar hy skryf in sy *Beeld Deurloop-rubriek* (15 Mei 2009) "Wanneer spirituele honger wyk", hier na verwys soos wat dit in sy 2011-boek Spitstyd opgeneem is.

[6] 'n Bekende voorbeeld is Victor Frankl, wat in Auschwitz die mens se behoefte aan God beleef het en besef het dat 'n spirituele dimensie deel is van 'n transendentale bewussyn (Louw, 2015:48).

[7] Met dank aan June Boyce-Tillman, wat tydens 'n reis van die Oos-Kaap na Potchefstroom op 23 Maart 2015 hierdie gedig aan my (Potgieter) bekend gestel het.

Bread production rises through
disease-resistant grains devised
scientifically to mitigate His faults.

Yet, though we rebelled against Him
like adolescents, uplifted to see
an oppressive father banished –
a bearded hermit – to the desert,
we confess to missing Him at times.

Miss Him during the civil wedding
when, at the blossomy altar
of the registrar's desk, we wait in vain
to be fed a line containing words
like 'everlasting' and 'divine'.

Miss Him when the TV scientist
explains the cosmos through equations,
leaving our planet to revolve on its axis
aimlessly, a wheel skidding in snow.

Miss Him when the radio catches a snatch
of plainchant from some echoey priory;
when the gospel choir raises its collective voice
to ask *Shall We Gather at the River?*
or the forces of the oratorio converge
on *I Know That My Redeemer Liveth*
and our contracted hearts lose a beat.

Miss Him when a choked voice at
the crematorium recites the poem
about fearing no more the heat of the sun.

Miss Him when we stand in judgement
on a lank Crucifixion in an art museum,
its stripe-like ribs testifying to rank.

Miss Him when the gamma-rays
recorded on the satellite graph
seem arranged into a celestial score,
the music of the spheres,
the *Ave Verum Corpus* of the observatory lab.

Miss Him when we stumble on the breast lump
for the first time and an involuntary prayer
escapes our lips; when a shadow crosses
our bodies on an x-ray screen; when we receive
a transfusion of foaming blood
sacrificed anonymously to save life.

Miss Him when we exclaim His name
spontaneously in awe or anger
as a woman in a birth ward
calls to her long-dead mother.

Miss Him when the linen-covered
dining table holds warm bread rolls,
shiny glasses of red wine.

Miss Him when a dove swoops
from the orange grove in a tourist village
just as the monastery bell begins to take its toll.

Miss Him when our journey leads us
under leaves of Gothic tracery, an arch
of overlapping branches that meet
like hands in Michelangelo's *Creation*.

Miss Him when, trudging past a church,
we catch a residual blast of incense,
a perfume on par with the fresh-baked loaf
which Milosz compared to happiness.

Miss Him when our newly-fitted kitchen
comes in Shaker-style and we order
a matching set of Mother Ann Lee chairs.

Miss Him when we listen to the prophecy
of astronomers that the visible galaxies
will recede as the universe expands.

Miss Him when the sunset makes
its presence felt in the stained glass
window of the fake antique lounge bar.

Miss Him the way an uncoupled glider
riding the evening thermals misses its tug.

Miss Him, as the lovers shrugging
shoulders outside the cheap hotel
ponder what their next move should be.

Even feel nostalgic, odd days,
for His Second Coming,
like standing in the brick
dome of a dovecote
after the birds have flown.

Soos hierbo reeds duidelik geword het, en soos die O'Driscoll-gedig toon, word spiritualiteit wel dikwels met godsdienstigheid geassosieer, maar afhangend van die konteks en woordeskat, kan dit ewe seer in godsdienstige en nie-godsdientige samehang gebruik word. Telkens is daar egter 'n gewaarwording van die diepere en die verhewene wat aan die menslike bestaan groter sin gee. In die boek *Present-Day Spiritualities* (Hense, 2014) word populêre en alternatiewe spiritualiteite bespreek wat daarop neerkom dat spiritualiteit nie meer van die samelewing geskei kan word nie en dus nie net 'n godsdienstige waarde het nie (Knoblauch, 2014:81). Hense (2014:4, 5) noem dat spiritualiteit 'n mens die geleentheid gee om jou *intuïsie* te volg wat kan lei tot 'n vervullende lewe (*fullness of life*). Sy sê dat godsdienstige persone hierdie volheid van lewe in eksterne bronne soek (soos God) terwyl nie-godsdienstige mense oortuig is dat hierdie bronne in die mens self of in die wêreld te vinde is. Die tweekantigheid, dat hierdie volheid in die belewenis van óf musiek óf die religieuse teenwoordig kan wees, behoort op gelet te word. Boyce-Tillman (2015:29) kan eweneens as musikoloog daarom verwys na 'fullness of life' as *liminal* of spirituele momente:

> There is a great variety of spiritual states of one kind or another - ranged along a continuum and depending on context – some more controlled than others – a brief moment of day-dreaming or reverie in a busy day, intuitive initiations of a poem or a song, subliminal perception, an ability to dissociate from a boring situation to create a poem or plan a musical piece, a period of incubation in the creative process.

Sy raak die aar van kreatiwiteit aan, wat naamlik deels aanleiding gegee het tot die formulering van die titel van hierdie artikel. Soos verskeie woorde gebruik word om spiritualiteitsdimensies te omskryf, kan musiek hierdie woorde in 'n meer spesifieke belewenis ook omskep. Woorde soos betekenis (*meaning*), blydskap (*enjoyment*), ekstase (*ekstacy*), heiligheid (*the sacred*), liefde en vrede (*love and peace*), meditasie, mistieke ervaringe, moraliteit, oorgawe aan deernis, selfbewussyn (*conciousness*), transendentaal, verligting (*enlightenment*), volheid van lewe (*fullness of life*), grenservaringe (*peak experiences*), verbondenheid (*connectedness*), opgewektheid (*flow*), groei (*flourishing*) – om slegs enkeles te noem – word deur musikoloë en musiekopvoedkundiges gebruik om 'n gewaarwording van iets wat buitengewoon en verhewe is, na te vors.

**3. Dieper delf**

Dit is nie moontlik om elk van bogenoemde terme in diepte te beskryf nie. Daarom verwys ons hoofsaaklik na die werk van June Boyce-Tillman[8] wat die afgelope twee dekades hoofsaaklik op spiritualiteit en musiek spesialiseer (kyk 2000a, 2000b, 2000c, 2001, 2002a, 2002b, 2004, 2005, 2006a, 2006b, 2007a, 2007b, 2007c, 2007d, 2009, 2010, 2011, 2012, 2014, 2015). Die dimensies van spiritualiteit beredeneer sy histories en filosofies, musikologies en musiekopvoedkundig, met onder andere 'n gedig of 'n narratief of 'n verhaal of 'n one woman show, 'n lied ('n gesang) of 'n musical. 'n Voorbeeld van so 'n musical is The Great Turning (2014), waarin sy die gemeenskap – godsdienstig, nie-godsdienstig, jonk, oud – iets laat ervaar van die bowemenslike. Sy komponeer vir professionele musikante en musiekliefhebbers, vir uitvoerings in ouditoriums, katedrale en klaskamers.

Die ander filosoof wat 'n groot impak op die beskouinge en funksie van musiek het, is David Elliott. In sy boek *Music matters* (Elliott & Silverman, 2014a) bespreek hy onder meer die samehang van musiek en die ervaringe wat aanleiding gee tot *verbondenheid, groei* en *opgewektheid*. Elliott het sedert die jare negentig sy navorsing oor *praxis*, die waarde van musiek-maak en luister, gedoen:

> Praxis includes active reflection and critically reflective action for development of (1) personal and community flourishing and well-being, (2) ethical care of others, and (3) positive transformation of people and their everyday lives (Elliott & Silverman, 2014a:17).

---

[8] June Boyce-Tillman is verbonde aan die Universiteit van Winchester in Engeland. Benewens dat sy 'n professor in die musiek is, is sy ook in 2006 as Anglikaanse priester in Church of England georden. Sy het die MBE (Member of the Order of the British Empire) in 2008 ontvang as erkenning vir haar fenomenale bydrae tot musiekopvoeding.

Elliott en Silverman is oortuig van die positiewe musikaal-emosionele (*musical-emotional*) ervaringe wat die mens beleef deur musiek te maak of daarna te luister (2014b:69); die oorvleueling hiervan met religieuse belewenis, dit wil sê spiritualiteit, is heel ooglopend. Mense kan naamlik dimensies van *eudaimonia*[9] bereik deur aan geleenthede in, rondom en deur ("*in, about and through*") musiek blootgestel te word. Boyce-Tillman (2011:1416) voeg hierby dat die spirituele domein deur drie *musicking* aktiwiteite ervaar kan word (hier aangepas deur die skrywers):

- Deur musiek uit te voer en te improviseer;
- Deur te komponeer en kreatief te wees;
- Deur na musiek te luister as 'n gehoor of as 'n individu.

Michael Argyle (2000:55) fokus eksplisiet op drie faktore van geestelike ervaring wat met musiek verbind kan word: die transendentale, sosiale gevoelens wat lei tot 'n eenheidsgevoel, en die innerlike mistisisme. Hierby aansluitend noem die digter TT Cloete (2013:40) dat indien daar geen self-transendering kon plaasvind nie, daar ook geen kuns kon ontstaan het nie. "Vir die wonderbaarlike oordrag van die liggaamlike na allerlei pneumatiese of spirituele verlengstukke soos veral ons selfbewussyn, ons gedagtes, fantasieë, ens. word meestal die term transendering gebruik" (Cloete, 2013:39).

Die sosialiseringsaspek waar musiek en spiritualiteit tekenend uitgebeeld word, vind ons in die Sweedse film deur Kay Pollak, *As it is in heaven* (kyk Olivier & Potgieter, 2015). Koorsang is daar die instrument waardeur die netwerk van mense se lief en leed in die samelewing oopgesluit word: 'n veranderde begrip van die kerk word gebied (ekklesiologie) en die belewenis van die liturgie word fundamenteel uitgedaag (Cilliers, 2014:40). 'n Transformasie van godsbegrippe vind ook deur die loop van die rolprent plaas – relevant tot die tema van hierdie bydrae: juis ondersteun deur die musikale ervaringe van mense.

In David Hay en Rebekka Nye se boek *The spirit of the child* (2006) dui hulle kategorieë aan vir spirituele sensitiwiteit. Die eerste kategorie, bewuswording-besef, verbind hulle met opgewektheid (*flow*), 'n hier-en-nou begrip, fokus en stemming terwyl die tweede, misterie-besef, verwondering (*wonder*), eerbied (*awe*) en verbeelding (*imagination*) insluit. In die derde kategorie wat op waarde-besef fokus word betekenis (*meaning*) geplaas (Hay & Nye, 2006:65).

Dit is nie moontlik om oor opgewektheid (*flow*) te skryf sonder om te verwys na die werk van Mihaly Csikszentmihalyi nie. Hy beskryf opgewektheid (*flow*) as genot, kreatiwiteit, die proses van in totale verbondenheid met die lewe wees (Csikszentmihalyi, 1990:xi). Hy noem, tekenend vir die tema van hierdie artikel, dat om na musiek te luister gewoonlik as 'n sensoriese ervaring begin. Dit lei dan egter tot die ontluiking van gevoelvolheid en beelde wat verwant is aan die klankpatrone. Hy stem daarom saam met Plato, wat van mening was dat kinders musiek moet leer voordat hulle enige iets anders leer: "In learning to pay attention to graceful rhythms and harmonies their whole conciousness would be ordered" (Csikszentmihalyi, 1990:111).

[9] Die woord "eudaimonia" het sy oorsprong van die Griekse filosowe wat geglo het dat die mens objektief die kwaliteite vir 'n goeie lewe moet bepaal. 'n Lewe wat só geleef word dat wanneer die persoon sterf daar gesê kan word dat hy/sy het 'n kwaliteit lewe geleef (Waterman, 2013:6).

## 4. Intermezzo

### Vignette: Belewenis 1 (Potgieter)

Dit is Donderdag 20 Maart 2014, 20:00, en ek sit in die agterste ry van Stockholm se konserthuis. Die ouditorium is modern en luuks met aksente van die Westerse klassieke musiekgeskiedenis in beelde en skilderye. Akoesties is dit uitstekend beplan – 'n Suid-Afrikaner se droom! Daar is 'n amper tasbare opgewondenheid by die gehoor, want die wêreldberoemde Roemeense pianis en ikoon, Radu Lupu, tree vanaand saam met *Kungliga Filharmonikerna* op. Dit is 'n Beethoven-aand en Lupu gaan die derde klavierkonsert speel. Toe hy op die verhoog verskyn, is daar luide toejuiging, maar hy lyk nie meer so jonk soos die foto op die program nie. Ek wonder wat gaan uit daardie rumatiek-vingers kom... Vanaf die eerste noot egter word 'n mens bewus van 'n ervaring wat amper soos mis aangesweef kom. Lupu is deel daarvan. Die beroemde Finse dirigent, Jukka-Pekka Saraste, is in beheer, maar Lupu neem as't ware oor by hom en elke speler volg sý bewegings – sý kop en hande en liggaam, musikaal subtiel. Dit is momente wat woorde nie kan beskryf nie. Die gehoor stil, doodstil; elke klank omvou mens. Op 'n stadium kom ek met 'n skok agter dat ek eintlik nie weet waar ek is nie, maar dat ek deel is van 'n gehoor wat hart en sinne oopgemaak het vir 'n besielende 36 minute...

### Vignette: Belewenis 2 (Lombaard)[10]

22 Augustus 2001 was 'n warm Woensdag-somersoggend. Baie ongewoon vir my, was ek ge-das en ge-baadjie. Die stad was leeg, want dit was vakansietyd. Maar dié saal was vol. Hier aan die een kant, voor in die saal, het ons gesit, 'n groepie Suid-Afrikaners. Oorkant ons, seker 40 meter ver oor die ligte teëlvloer, het die bruide gesit, op 'n ry. In die ry net agter hulle was die bruidegomme – klaar gestaat en gekerk, maar vanoggend kon hulle 'n spesiale seën ontvang.

Die atmosfeer was gelaaid, selfs gespanne. In 'n Afrikaanse kerk sou dit tjoepstil gewees het. In 'n Nigeriese of Amerikaanse charismatiese kerk sou die mense al in ekstase begin omkap het, onder aanvuring van 'n lawaaierige rasieleier. Maar hier is die atmosfeer geensins aangehits of uitgebuit nie. Elke nou en dan het 'n Taiwanese kinderdansgroepie vorentoe gekom en 'n paar passies uitgevoer. 'n Blaasorkes het 'n paar maal opgestaan, 'n kort deuntjie gespeel, en weer gaan sit. Alles heel spontaan en gemaklik. Buite het tienermeisies betraand gestaan. Elke dan en wan sou 'n groepie opstaan,

---

[10] Hierdie huldiging het as "In memoriam: Ter herinnering aan ds. Wojtyla" in 2005 op www.teo.co.za verskyn.

skynbaar 'n Kanadese netbalspan op besoek aan die stad. Elke keer sing hulle: "We love you, Holy Father!" Dan weer stilte.

Karol Wojtyla het op 'n spesiale soort trollie ingery gekom. Dit het van agter in die saal stadigaan vorentoe beweeg. Toe dit tot stilstand kom, is die grysaard die trappe, al sukkelend, opgehelp. Hy het sy plek ingeneem op die stoel gereserveer vir net een man. Iemand lees die Skriflesing voor, in agt of nege tale. Dit is dieselfde teksverse wat Pieter Coertzen, toe aktuarius van die NG Kerk, die oggend vir ons groepie Suid-Afrikaners met dagopening gelees het. Johannes Paulus II lees sy oordenking/preek voor, ook in al agt of nege tale wat hy magtig is. Sy lyf bewe, maar sy stem is ferm. Niemand weet hoe lank hy nog in dié stoel sal kan sit nie… Sy boodskap is oor vrede.

Na afloop van die preek, word die bruidspare spesiaal geseën. Besoekersgroepe word by die naam verwelkom – ons groepie Suid-Afrikaners ook. Ons mag vorentoe gaan.

Een van ons groep is die Katolieke biskop van Pretoria, Aartsbiskop George Daniel. Hy gaan sit half agter die Pous, en stel ons elk by die naam voor. "Heilige Vader," hoor ek Aartsbiskop Daniel in Afrikaans toe my beurt kom, "ontmoet Christo Lombaard, Pretoria". Die man glimlag effe. Ons groet met 'n ligte handdruk. Ek gee hom 'n boek.

Later verduidelik Aartsbiskop Daniel dat die Pous in Nederland studeer het, en daar Nederlands aangeleer het. Tydens sy latere ampsbesoek aan Suid-Afrika het Aartsbiskop Daniel agtergekom die Pous volg Afrikaans heel goed; vandaar die Afrikaanse mededeling. (Dié besoek aan Suid-Afrika was, tegnies, die Pous se tweede: sy eerste was onbedoeld, onderweg na Lesotho. Die vliegtuig kon nie daar land nie, en dit mos noodgedwonge op Jan Smuts neerstryk. Dit was blykbaar met onbehoorlike haas dat die destydse Minister van Buitelandse Sake, mnr. Pik Botha, die afstand tussen Pretoria en die lughawe afgelê het om darem te gaan groet.)

Later die middag het ons elkeen 'n foto ontvang van die oomblik toe die Pous jou hand geskud het. Die volgende dag is een van die lede van ons groep voorbladnuus op die Vatikaan se dagblad, *L'Osservatore Romano.* Die persoon wat die ekumeniese reis na Rome gereël het, was 'n Egiptenaar, George Malek, toe predikant van die Kongregasionaliste Kerk in Suid-Afrika, en direkteur van die *Ecumenical Pastoral Institute in Cape Town.* Saam was sy dokter-vrou, Elmarie, en hulle baba. Die Pous het klein Søren Alexander 'n vaderlike soen op die voorkop gegee, en dit was die foto van dié kus wat op die voorblad van die dagblad gepryk het.

Miskien is dit ook die beste manier om Johannes Paulus II te onthou: dat hy vir die geringes omgegee het. Hy het grootgeword in 'n onderdrukte Poolse kerk. Juis dít het gemaak dat, toe die Poolse staatshoof Generaal Jaruzelski in 1989 moes besluit of hy die weermagtenks teen Solidariteit

moes uitstuur, hy sy volksgenoot Karol Wojtyla, oftewel Johannes Paulus II, se sterk aanbeveling daarteen gevolg het. Dit was die begin van die einde van die Sowjet Kommunisme.


Hierdie Pous was 'n wêreldreisiger. Sy uitsprake het sowel konserwatiewe as liberale elemente in die Rooms Katolieke Kerk om die beurt teleurgestel en verheug. Hy het wêreldleiers geprys en gekritiseer, soos hy dit goed gevind het. Hy kon dig. Taiwanese dogtertjies het tydens sy gewone Woensdag-oudiënsie vir hom gedans. Bruidspare kon sy seën opsoek. Ek kon in Afrikaans, 'n piepklein taal, aan hom voorgestel word. Hy kon 'n Noordkaapse imam, voorheen 'n lyfwag van Nelson Mandela wat deel van ons groepie was, op dieselfde manier groet as 'n Kaapstadse teoloog wat pas die Bonhoeffer-prys gewen het. Hy kon die baba van 'n Egiptiese pa en 'n Afrikaanse ma soen, en dan was dit voorbladnuus.

Uit beide hierdie belewenisbrokkies blyk dit dat fenomenologies gesproke daar ervarensmatig sterk oorvleuelingsmomente is waar die godsdienstige op musiek trek, en musiek op die godsdienstige. Die woordeskat om hierdie gedeelde belewenisdimensie volledig te omskryf, ontbreek gewoon: die intensiteit en manier waarop 'n tipe verhewenheid beleef word sou in feite-formaat nie weergegee kon word nie. Poëties of beeldsprakig sou die emosionaliteitskwaliteite van die ervaring moontlik van nader oorgedra kon word, maar dan weer ten koste van die akkuraatheid van die beskrywing. Aan die presensie, die dáár-wees, van die ervaring se konkreetheid kan nie getwyfel word nie; om die gegrepenheid egter talig te maak is om te groot eise te stel aan die verwoordingsmoontlikhede van die betrokkenes en die drakrag van formulering. Hier lê telkens iets *gans Anders*...

## 5. Slotkadens

In hierdie artikel is enkele grepe van die hoogs vrugbare samevloei van Musiek en Spiritualiteit uitgelig. Met hierdie projek het die skrywers weereens onder die indruk gekom van die verbasende mate waartoe hierdie dissiplines mekaar vind. Die "gevleueldheid" het oor eeue ontwikkel en is vandag so aktueel en versoen dat dit die geleentheid skep vir 'n ontmoeting van "die buitengewone, bomenslike, die verhewe".

Met die beperktheid van taal, ook van wetenskaplike taal, om die ervarensmatige akkuraat oor te dra, word taalverryking benodig om spiritualiteit en musiek te verwoord. Dit sou onder andere met die sing van liedere gestimuleer kon word. Waar melodie en liriek saamgevoeg word, word die uitdrukkingspotensiaal van die mens optimaal benut; daarom sluit ons hierdie eerste gesamentlike kruisdissiplinêre dubbelreferaat-navorsingsprojek af met die lied *A-Godding* (Boyce-Tillman 2007b:97) waarin nogeens die religieuse en die musikale byeen gebring, ineenverwring word:




**BIBLIOGRAFIE**


Argyle, M. 2000. Psychology and religion. London and New York: Routledge.

Bowe, B.E. 2000. Inspiration (*In* Freedman, D.N. Eerdmans Dictionary of the Bible. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company, p. 641).

Boyce-Tillman, J.B. 2000a. Constructing Musical Healing: The Wounds that Sing. London: Jessica Kingsley.

Boyce-Tillman, J.B. 2000b. Promoting Well-being through Music Education. *Philosophy of Music Education Review,* 6(2):89-98.

Boyce-Tillman, J.B. 2000c. The Creative Spirit- Harmonious Living with Hildegard of Bingen. Norwich: Canterbury Press.

Boyce-Tillman, J.B. 2001. Sounding the Sacred: Music as Sacred Site. (*In* K. Ralls-MacLeod & G. Harvey *eds.* Indigenous Religious Musics. Farnborough: Scolar p. 136-166).

Boyce-Tillman, J.B. 2002a. Subjugated Ways of Knowing. *The Journal of Critical Psychology, Counselling and Psychotherapy,* 2(4):208-213.

Boyce-Tillman, J.B. 2002b. Sound Balance – Music and Well-being with Young Children. *Early Childhood Connections – Journal of Music- and Movement-based learning,* 8(2):29-37.

Boyce-Tillman, J.B. 2004. Towards an ecology of music education. *Philosophy of Music Education Review, 12*(2):102-125.

Boyce-Tillman, J.B. 2005. "Ways of Knowing." (*In* C. Clarke *ed.* Ways of Knowing: Science and Mysticism today. Exeter, UK: Imprint Academic p. 8-33).

Boyce-Tillman, J.B. 2006a. Music as Spiritual Experience. *Modern Believing: Church and Society,* 47(3):20-31.

Boyce-Tillman, J.B. 2006b. A Rainbow to Heaven. London: Stainer and Bell.

Boyce-Tillman, J.B. 2007a. The Spirituality of Music Education. (*In* The International Handbook of Research in Arts Education. Netherlands: Springer p. 1405-1421).

Boyce-Tillman, J.B. 2007b. Unconventional Wisdom. London: Equinox.

Boyce-Tillman, J.B. 2007c. "Peace Making in Educational contexts". (*In* Urbain, O. Music and Conflict transformation: Harmonies and Dissonances in Geopolitics. London: I. B. Tauris p.

212-228).

Boyce-Tillman, J.B. 2007d. "The wounds that sing: Music as Transformation. (*In* J. Baxter, *ed.* Wounds that heal: Theology, Imagination and Health. London: SPCK p. 229-250).

Boyce-Tillman, J.B. 2009. The Transformative Qualities of a liminal Space created by musicking. *Philosophy of Music education review*, 17(2) Fall:184-202.

Boyce-Tillman, J.B. 2010. "Even the stones cry out: Music Theology and the Earth" (In L. Isherwood & E. Bellchambers *eds. Through us, with us, in us: Relational Theologies in the twenty-first Century.* London: SCM Press p. 153-178).

Boyce-Tillman, J.B. 2011. Making Musical Space for Peace. (*In* Laurence, Felicity and Urbain, Olivier. Peace and Policy Dialogue of Civilization for Global Citizenship, (15) Music and Solidarity: Questions of Universality, Consciousness and Connection. New Brunswick and London: Transaction Publishers p. 185-201).

Boyce-Tillman, J.B. 2012. "And still I wander: Deconstructing Music Education through Greek Mythology". Keynote address Musical Paedia, International Society for Music Education Conference, Thessaloniki, July.

Boyce-Tillman, J.B. 2014. The Great Turning. Winchester: Winchester Cathedral. [Musical].

Boyce-Tillman, J. 2015. Experiencing music. Restoring the spiritual. London: Springer.

Cloete, T.T. 2013. Die ander een is ek. Plettenbergbaai: Pooka.

Cilliers, J. 2014. Sounding salvation. *The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa,* Special edition on Music and Well-being, 10(2), 34-46.

Comte-Sponville, A. 2006. *L'esprit de l'athéisme. Introduction à une spiritualité sans Dieu*. Paris : Éditions Albin Michel.

Csikszentmihalyi, M. 1990. Flow. New York: HarperCollins.

Dowley, T. 2011. Christian music. A global history. Minneapolis: Fortress press.

Elliottt, D.J. & Silverman, M. 2014a. Music Matters: A philosophy of music education. 2nd ed. New York: Oxford.

Elliott, D.J. & Silverman, M. 2014b. Music, personhood, and *eudaimonia*: Implications for educative and ethical music education. *The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa,* Special edition on Music and Well-being, 10(2), 57-72.

Habermas, J. 2008. Secularism's crisis of faith: notes on post-secular society. *New Perspectives Quarterly* 25, 17-29.

Hay, D. & Nye, R. 2006. The spirit of the child. London: Jessica Kingsley.

Hense, E. 2014. Introduction. (*In* Hense, E., Jespers, F. & Nissen, P. 2014. Present-day spiritualties, Leiden: Brill. p. 1-17).

Jankowitz, D. 2006. Die musiekleier as bedienaar van verskillende spiritualiteitstipes in 'n eie gereformeerde erediens. *Vir die Musiekleier,* 33:30-39.

Jordaan, W. 2011. Spitstyd. Uitgesoekte rubrieke. Pretoria: Litera.

Katz, S.T. 2000. Editor's introduction. (*In* Katz, S.T. Mysticism and sacred scripture. Oxford: Oxford University Press. p. 3-6).

Knoblauch, H. 2014. Popular spirituality. (*In* Hense, E., Jespers, F. & Nissen, P. Present-day spiritualties, Leiden: Brill. p. 81-102).

Kourie, C. 2009. Spirituality and the university. *Verbum et Ecclesia* 30/1, 148–173.

Kourie, C. & Kretzschmar, L. *eds*. 2000. *Christian Spirituality in South Africa*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.

Lombaard, C. 2014. Getting texts to talk. A critical analysis of attempts at eliciting contemporary messages from ancient holy books as exercises in religious communication, *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* 55/1, 205-225.

Lombaard, C. 2015a. Continuing the exploration: a further step in newly unfolding cross-disciplinary Spirituality Studies – Spirituality and Music as winged disciplines. Aangebied by die *Metamorphoses: Transformations in and of Christianity, through the Lenses of Art and Literature* kongres, Universiteit voor Humanistiek, Utrecht, Nederland, 30 November – 1 Desember 2015.

Lombaard, C. 2015b. Sensing a "Second Coming": An overview of new concepts in Sociology, Philosophy, Law and Theology on the re-emerging religious in private and public life. Paper at the Centre for Studies on New Religions (CESNUR) / International Society for the Study of New Religions (ISSNR) / Estonian Institute of Humanities (Tallinn University) conference, "Religious innovation and religious change in the 21st century", Tallinn University, Estonia, 17-20 June 2015. Publication forthcoming, *Verbum et Ecclesia,* 2015.

Lombaard, C. 2015c. "And never the twain shall meet"? Post-secularism as newly unfolding religio-cultural phase and Wisdom as ancient Israelite phenomenon. Spiritualities and implications compared and contrasted. *Journal of Theology for Southern Africa,* 152, 82-95.

Lombaard, C . 2015d. Graphic text, graphic depiction: Genesis 22 and its interpretation on a Louvre miniature plaque. Paper presented at "Religious violence and / or violence in the name of religion" congress of the Association for the Study of Religion in Southern Africa (ASRSA), Department of Religion Studies, University of Johannesburg, 26-28 October 2015. Publication forthcoming: *South African Journal of Art History* 2016.

Lombaard, C. 2016. The newly unfolding linkage of Health and Spirituality. Paper at the *Relocating Religion* conference of the European Association for the Study of Religions (EASR) 28 June – 1 July 2016, University of Helsinki, Finland.

Louw, D.J. 2015. Waarom lewe ek? (Oorspronklike teks Viktor frankl Trust). Derde druk. Kaapstad: Naledi.

O'Driscoll, D. 2002. www.theguardian.com › Arts › Books › Poetry. Date of access: 13 September 2015.

Olivier, A. & Potgieter, H.M. 2015. "Create music that will open a person's heart": a perspective on emotional and social wellbeing as depicted in three films. *Koers*. (In process).

Palmer, A.J. 2006. Music education and spirituality: Philosophical exploration II. Philosophy of

Music Education Review, 14(2), 143-158.

Potgieter, H.M. 2015. "A crack in everything: Spirituality and Music as winged disciplines" voorberei vir die *International Society of Music Educators* kongres in The Royal Conservatoire of Scotland, Glasgow, 24 29 Julie, 2016. (In process).

Schneiders, S. 1986. Theology and Spirituality: strangers, rivals or partners? *Horizons* 13/2, 253-274.

Schneiders, S. 2003. Religion vs. Spirituality: a contemporary conundrum. *Spiritus: A Journal of Christian Spirituality* 3/2, 163-185.

Spies, L. 2010. Die skyn van tuiskoms. Kaapstad: Human & Rousseau.

Turner, B.S. 2010. Religion in a post-secular society. (*In* Turner, B.S. *ed. The New Blackwell Companion to the Sociology of Religion*. Wiley Online Library edition: DOI: 10.1002/9781444320787.ch29.

Van Huyssteen, J.W. 2006. Alone in the world? Human uniqueness in science and theology. Grand Rapids: William B. Eerdmans.

Waaijman, K. 2004. Mystiek in de psalmen. Baarn: Uitgeverij Ten Have.

Waaijman, K. 2002. Spirituality. Forms, foundations, methods. Dudley, Ma: Peeters.

Waaijman, K. 2000. Spiritualiteit: vormen, grondslagen, patronen. Gent: Carmelitana.

Waterman, A.S., *ed.* 2013. The best within us. Positive psychology perspectives on eudamonia. Washington, DC: American Psychological Association.

Zondag in Soweto. www.stefbos.nl/page/Liedteksten/detail/1273/Zondag_In_Soweto.